
# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (24/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick (26 Junie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Never confuse movement with action" Ernest Hemingway***


## KWOTA - GEVRIESDE LEMOENSAP IN EU




In 2010 het Suid-Afrika slegs 52% van die kwota vir gevriesde lemoensap na die EU gebruik (1 015 liter). Vir die afgelope twee jaar is 100% van die kwota egter gebruik; dit lyk asof 100% van die kwota ook in 2015 gebruik gaan word (90% tot op datum gebruik).

## DURBAN HOUERS - OPERASIONELE "DASHBOARD"

Die "Durban Reefer Container Operations Forum" is 'n paar jaar gelede gestig sodat almal wat by "reefer operations" betrokke is op 'n gereelde basis kan kommunikeer en so gesamentlik die probleme wat 'n impak op die beweging van houers en opeenhoping in die Durban hawe het, kan oplos ('n soortgelyke forum is in die Oos-Kaap gestig). Van die CGA se kant reël Mitchell Brooke en Dave Watts die vergaderings. Op 'n Maandag, Woensdag en Vrydag sirkuleer Mitchell en Dave 'n "Durban Container Operations Dashboard". Die inligting wat in hierdie "dashboard" vervat is, is 'n MOET vir almal wat betrokke is by die logistiek van sitrus. Die verslag bevat die volgende grafieke: DCT Pier 1 en 2 Vragmotor Barometer; Durban (sitrus) Houer en Sitrus SRS "vessel load" Aanvraag Barometer (sien onder); Pier 1 en 2 "Gate through Statistics'; Pier 1 en 2 "Yard Capacity Utilisation Statistics"; Houer Volume Uitgevoer in Volgende 3 Dae; Uitvoer "Stack" Data en Invoer "Stack" Data.
Sou jy die verspreidingslys wou ontvang, stuur asseblief vir my 'n versoek na mitchell@cga.co.za




## GEPAK EN VERSKEEP

Die Nawel Fokusgroep het hierdie week vergader en het verder hul voorspelling van uitvoervolume met 900 000 kartonne afwaarts aangepas.

| Tot einde Week 25 Miljoen 15 Kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 15 m | 12.9 m | 12.7 m | 10.7 m | 10.3 m | 15.3 m | 14.6 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 5.3 m | 6.3 m | 5.8 m | 5.3 m | 5.2 m | 10 m | 10.1 m | 10 m |
| Suurlemoene | 6.9 m | 8.3 m | 9.1 m | 6.9 m | 8 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 13.5 m | 12.0 m | 12.2 m | 7.9 m | 8.6 m | 25.1 m | **23.5 m** | 26 m |
| Valencias | 2.9 m | 2.8 m | 2.1 m | 0.8 m | 0.7 m | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 43.7 m | 42.3 m | 42.3 m | 31.6 m | 32.8 m | 113.1 m | 110.9 m | 115.7 m |